Wat is die GO! Klub?

Dis ‘n geleentheid om betrokke te wees by die uitdeel van Kinderbybels reg oor die wêreld en ook baie pret te hê!

Hoe werk dit?

- Jy skryf in deur ‘n **R10** inskrywingsfooi te betaal en ontvang jou ‘starter pack’.

- Daarna betaal jy maandeliks ‘n **R10** ledegeld (in ‘n GO! Klub koevertjie) vir een jaar.

- Vir elke ongeveer R100 wat die Klub ontvang, kan ‘n kind iewers in die wêreld ‘n Bybel ontvang.

- As klublid ontvang jy gereeld sms’e, e-pos en slakkepos oor getuienisse, hoeveel ingesamel is, waarvoor jy kan bid, kompetisies, bederfies, ens.

- GO! Klub teken elkeen se bydrae per maand aan en slegs dié lede ontvang voordele, soos afslag koepons, gratis koepons, afslag by deelnemende besighede en inskrywings vir kompetisies met “groot” pryse.

Waarvoor is my ledegeld?

Jou ledegeld aan GO! Klub gaan een honderd persent om die Bybel op ‘n verstaanbare manier vir ‘n kind by ‘n kind iewers in die wêreld te kry.

Die eerste aflaaiplek is Spanje.

Lees meer hieroor onder Eerste Aflaaiplek op ons webwerf.

Hoe kan ek inskryf?

NG Lynnwoodrif lidmate: Druk bloot die GO! Klub inskrywingsvorm uit, vul dit volledig in en gee dit saam met jou R10 inskrywingsgeld vir jou dissipelleier of gooi dit in die kollektebordjie. GO! Klub sal seker maak dat jy jou ‘starter pack’ binne die volgende twee Sondae kry.

Nie NG Lynnwoodrif lidmate: Laai die GO! Klub inskrywingsvorm af, vul dit in en e-pos dit aan goklub@lynnwoodrif.co.za. GO! Klub sal jou kontak.